# Wekkaart 7
# Module 6

Lees die teks “Een van die dae gaan ons versmoor onder die rommel” op bladsy 139-140.

1. Word die titel letterlik of figuurlik bedoel? Verduidelik.
2. Skryf voorbeelde van die volgende neer:
   a) samestelling: sin 2, par. 1
   b) afleiding: sin 1, par. 2
   c) betreklike voornaamwoord: sin 1, par. 2
   d) 'n Stofnaam wat nie meervoud of verkleining het nie: sin 3, par. 1
3. Skryf die basisvorm(e) van die volgende woorde neer.
   a) “onvernietigbaar” par. 2
   b) “plastieksakke” par. 4
   c) “gifstowwe” par. 4
   d) “herwinning” par. 6

Lees die gedig op bladsy 150-151.


4. In strofe 1 kom twee persoonlike naamwoorde voor. Skryf beide neer.
5. In versreëls 1 tot 3 kom drie voorsetsels voor. Skryf die strofe oor en onderstreep die drie voorsetsels.
6. Skryf die intensiewe vorm neer wat in strofe 5 voorkom.
7. Voltooi nou die volgende blokkiesraaisel met intensiewe vorme.

## Dwars

5. baie maer
7. baie bang
8. baie droog
10. baie styf
12. baie warm
14. baie glad
15. baie groen

## Af

1. baie arm
2. baie wyd
3. baie goedkoop
4. baie reguit



6. baie geel
9. baie swart
11. baie koud
13. baie sag

8. Voltooi die volgende sinne deur die korrekte voorsetsel neer te skryf.
   a) Die boer ry . . . perd om sy vullis weg te ry.
   b) Suid-Afrika juig . . . die oorwinning wat hulle . . . hul Vullisverwyderingsplan behaal het.
   c) Die vullishoop is . . . die brand.
   d) Die kinders is dood . . . die honger, daarom dwaal hulle . . . vullishope rond.
   e) Die man is . . . moeilikheid omdat hy vullis rondstrooi.

**Vir inligting oor u naaste boekhandelaar of vryskutagent kontak**
**Elana Bredell** Streeksverkoopsbestuurder: Skole (Kusstreke, Vrystaat, Noord-Kaap) | Regional Sales Manager Schools (Coastal Regions, Free State, Northern Cape) elana.bredell@nb.co.za of
**Henk Viljoen** Streeksverkoopbestuurder: Skole (GT, MPU, NW, E.C., L) | Regional Sales Manager Schools (GT, MPU, NW, E.C., L) **henk.viljoen@nb.co.za**.